



AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOI
AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOI



Stroom op

TWEDE TERMYN

Erekleuredag 1982

Wat 'n mylpaal was hierdie pragtige dag nie in Affieland se geskiedenis nie! Dit het 'n spesiale betekenis gehad vir elkeen, wat dit op haar manier geïnterpreteer het.

Vir my was dit 'n dag om my skool, hoof en onderwyseresse opnuut te waardeer. Dit was oomblikke waarin ek weer eens besef het, hoe mildelike ons ontvang het en hoe oneindig ons dankbaarheid eintlik behoort te wees.

Ek het gewonder watter Affie-harte ook nog heimlik, trots geswel het toe ons personeel so statig in hul akademiese drag die verhoog bestyg het.

Toe die adjunk-direkteur van Onderwys in Transvaal ons iets meer van ons hoof vertel het, het menige Affie verbaas en met nuwe oë na haar gekyk. Wie kan in haar derde jaar al haar eie lektrise wees en haar boonop nog goed van haar taak kwyt?

Die hoogtepunt van die oggend was die erepenning wat juf. Holtzhausen, mev. Pienaar en V. Warmeloo ontvang het. Wie van ons sal dit kan waag om in hulle voetspore te probeer volg? Dit is 'n uitsonderlike voorbeeld wat vir enige van ons tot 'n roepende uitdaging kan dien!



Die Affieverhouding na 62 jaar

Die Afrikaanse Hoër Seunskool en die Afrikaanse Hoër Meisieskool bewandel al vir 62 jaar saam dieselfde paadjie. In hierdie jare is daar 'n baie unieke en verondere verhouding tussen hierdie twee spogskole van Pretoria opgebou. Daarom dan is dit die plig van elke persoon wat op enige wyse aan een of ander van hierdie inrigtings verbonde is, om hierdie kosbare verhouding te bewaar en uit te bou.

Kortsigtigheid, individuele jaloesie, eie gewin of praktiese reëlins mag nie geduld word om 'n wig tussen die twee skole in te dryf nie. Die vrae wat nou by 'n mens wil opkom, is: Word hierdie verhouding

wel vertroetel soos dit behoort? Is dit vir ons 'n voorreg en 'n plesier om saam te werk, of is dit 'n opoffering? Ondersteun ons mekaar sportaan, of moet ons mekaar smeeke vir wedersydse ondersteuning? Kom ons belofte na, of gooi ons mekaar se praktiese reëlins op die laaste minuut omver? Is ons lojaal teenoor mekaar, en strewe ons altyd daarna om bo kortsigtigheid en eie gewin, die tradisie tussen die twee skole ten alle koste te bewaar?

Is dit nie nodig dat elke leerling van albei skole 'n deeglike introspeksie sal hou oor sy bydrae tot hierdie verhouding, en vir hom/haarself duidelik antwoord verskaf op hierdie vrae nie?

Gesprek met:

Johan Reinder Deichmann Onderwyser, Skrywer, Kunstenaar

Johan Reinder Deichmann, vir 5½ jaar onderwyser aan die Afrikaanse Hoër Seunskool, bedank nou die onderwys en verlaat dus ons skool om navorsing te gaan doen in die Kunsteskiedenis.

Op skool het hy al reeds baie belang gestel in kuns. Baie ure is gespandeer aan werkstukke en is met die grootste ywer voltooi. Na matriek gaan hy vir 'n jaar na die Diensvakschool op Voortrekkerhoogte vir sy militêre diensplig en dien daar as betaalmeester. Toe reeds het hy begin aan 'n buitemuurse kursus in die Kunsteskiedenis. In 1973 gaan studeer hy voltyds op Tukies en behaal die graad BA Ed Kuns. Na sy studies



beland hy op Affies in 1977 en is hier werksaam tot in 1982. Buitemuurs het hy aan 'n verdere graadkursus, nl. sy Honneurs gewerk en voltooi nou in Oktober sy M.A.-graad.

Johan Deichmann het dit goed geag om die onderwys vaarwel te roep om verdere navorsing in sy vakgebied te doen. Hy voel dat die studies met sy onderwysloopbaan bots en dat hy nie al sy aandag aan die leerlinge kan gee nie. "Skoolhou is baie veeleisend en verg totale toegewydheid en aandag. Om dit behoorlik te doen, moet jy al jou aandag op jou leerlinge toespits. Gaan of voluit in die onderwys, of roep dit eerder vaarwel! Ek is hier vir die welvaart van my studente, die kunsleerlinge, omdat hulle ewigdeur geëtiketteer word as "anders"."

Op 'n vraag, waaraan hy sy sukses toeskryf vir die pragtige gees wat altyd in die kunsamer heers, het hy geantwoord: "Die studente wil graag vir iets werk. Die element van verpligting is afwesig omdat hulle so vol selfdissipline en motivering is. Standaard sesse kom met uitdagings en vrae. Ek is saam met hulle een wese en ons groei saam — almal 'n klomp soekende mense. Dis belangrik om ook 'n vriend vir jou student te wees en hul vertroue te wen. Verdere is hulle gemotiveerd deur 'n wedersydse respek tussen onderwyser en student."

As kunstenaar is Johan baie suksesvol. Na afloop van sy uiters geslaagde debuut-uitstalling, het hy die volgende te sê gehad: "My kuns is baie nou verbind met my werk by die skool. In die groei van die student

Met verlede jaar se drama nog vars in baie van ons se geheue het ons maar versigtig-versigtig Vrydag 28 Mei saal toe gegaan, vir TRUK se

Truk siening

Truk se siening van die universele leuen

Op Vrydag die 28ste Mei het Truk ons skool besoek om vir die standaard 9 en 10 leerlinge uittreksels uit halle voorgeskrewe werke voor te dra.

Die groep het bestaan uit 2 aktrises en 4 akteurs. Die eerste helfte van die program is gewy aan uittreksels uit Hans Andersen se sprokie "Die Keiser se nuwe klere" wat noue verband hou met die voorgeskrewe stuk van Bartho Smit naamlik "Die Keiser".

Die spelers het gereeld die gehoor se aandag op die tema, wat pertinent na vore tree nl. die universele leuen gevestig.

Die tweede helfte is gewy aan Shakespeare se "Romeo and Juliet". Dit was interessant om te sien hoe die spelers as't ware uit die karakter "klim" om as buitestaander kritiek op Romeo en Juliet se kalwerliefde te lewer.

Vir die uitgesoekte drama liefhebber was Truk se besoek loutere plesier, maar vir die meerderheid was dit ongelukkig net 'n tyd om skool te mis, wat uit sommige se gedrag duidelik gebyk het.

Juliet hartstigtelik omhels, was die seuns se gedrag nogtans trou aan hulle geaardheid.

aanbieding van osn voorgeskrewe werke. Maar dié jaar was dit 'n splinternuwe TRUK wat ons onverdeelde aandag in beslag geneem het.

Hulle het die boodskap van, "Die Keiser" vir ons uitgebeeld deur die ou Andersensprokie, dele van die Keiser en 'n paar onbekende stukke op te voer. Dat dit ons aan die dink gesit het, is nie te betwyfel nie. Mej. Hönck moes sommer in die volgende periode al na ons menings luister!

Die matrieks wat tot nou toe nog gedink het dat Romeo & Juliet verkeerd geëindig het, het ook van mening verander! Al was almal effens ongemaklik op 'n stadium is daar bo verwagting goed aan die bespreking deelgeneem. Die program was boeiend, snaaks en sommer baie insiggewend. Vir die matrieks wil ons net sê dat ons hoop die apie wat aan die tak gaan swaai na die rekordsamen nie sal sê wat hy vir die Keiser gesê het nie!

Truk besoek Affies

Bekamp Inflasie met Die Southern se Inflasievegter



SOUTHERN

Kies Southern Lewens. Ons het 'n Wenplan, vir U.

Redaksioneel

Elke termyn verskyn die Stroom-op, en met lang gesigte en baie kritiek word dit deur die helfte van Meisies Hoër gekoop. Maar het julle al ooit gedink hoe dit sal voel sonder 'n Stroom-op? Geen snaakse sêgoed, foto's of buitestaanders wat verbaas sê: "Dis nou oulik, 'n regte gedrukte koerant!", nie.

Stroom-op het in 'n doodloop straat beland. 'n Mens kan kinders smee vir artikels en foto's tot jy blou in die gesig is, net soos jy die geld vir die koerant uit hulle moet trek!

Op die ou end skryf die redaksie die hele koerant en moet die koshuiskinders hulle foto's gee om al die gaatjies vol te stop!

Help asseblief die redaksie en stuur soveel foto's en artikels moontlik. Stroom-op het 'n pragtige tradisie geword en alleen deur julle samewerking kan dit so bly! En samewerking in die verband beteken dat elke Affie 'n blad moet koop — anders beland ons regtig in die doodloopstraat, want finansiële het ons almal se ondersteuning nodig.



Volkspede

Die naweek van 14 Mei was soos gewoonlik weer toe. Maar hierdie naweek was egter anders. Die meisies het die seuns uitgenooi vir wat hulle vermaaklikheid genoem het, in die vorm van volkspele.

Die neefs, soos hulle ons die aand genoem het, moes toe elkeen 'n niggie (meisie) kry en saam moes die twee saam met 'n menigte ander (plus-minus 5) 'n reuse kring vorm. Toe verskyn 'n dame op die toneel. Sy het die leiding geneem en ons 'n bietjie touwys gemaak.

Na 'n lang gesukkel om 'n geskikte sanger te kry, het mnr. van Huyssteen met sy bekoorlike stem sy dienste aangebied. Dit het 'n regte volkspele atmosfeer geskep. Hy het "Hits" gesing soos "Suiker bossie," "Afrikaners is plesierig" en veel ander.

Na die aand glo ek kon almal volkspele doen en ek dink ons moet volgende keer iets in die vorm van 'n saamtrek probeer.

(Vervolg vanaf Bl. 1)

vind ek 'n progresiewe groei in my kuns, dit lei nie noodwendig na 'n uiterlike groei nie, maar na 'n geestelike rypwording. Daarom was die werke in my uitstalling alles simbolies van aard met 'n diepere kyk in die wese van die mens. Die uitstalling is opgedra aan 'n persoonlike vriend — Alescis Preller — want hy was die inspirasie agter my kuns ook in sy werk vind ek elke keer weer iets nuut wat my dan weer opnuut motiveer — dit is die dryfkrag in my lewe. Dit is ook die tesis van my doktersgraad en sal dan noodwendig die materiaal wees vir my boek oor Preller."

Oor Egipte het Johan baie te sê. Dit is volgens hom die beginpunt — uit 'n kuns oogpunt gesien — van die westerse beskawing. "Hul kuns is so perfek dat dit vir my oorgaan in "magig". Die piramide, die maskers van die konings, is alles so haarfyn uitgewerk dat die perfeksie daarvan my totaal verstom en in absolute bewondering laat.

Met dié boodskap sluit 'n baie suksesvolle, tog nederige en dankbare Johan Reinder Deichman af: "Die tydperk wat ek hier was, het ek gesien hoe kuns en kultuur 'n baie hoë standaard bereik het, en ek hoop dat daardie hoë standaard gehandhaaf sal word, want 'n volk kan nie op sport alleen lewe nie. Ons het die kultuur ook nodig in dié land en skool. Ek hoop dat Affies van krag tot krag sal gaan en allereers dat kuns sal lewe! Besef tog dat kuns nie 'n vak is nie, maar 'n God-gegewe talent. Ek haal die woorde van Kahlil Gibran aan: 'Die onderwyser wat tussen sy volgelinge in die skaduwee van die tempel wandel, gee nie van sy wysheid nie, maar eerder sy geloof en het volheid. As hy inderdad wys is, sal hy jou nie gebied om die huis van sy wysheid binne te tree nie, maar jou eerder lei na die drumpel van jou eie verstand."

Affies sê tot siens en sterkte aan 'n groot en nederige man!

Permissiwiteit

Permissiwiteit onder die jeug is vandag uiters aktueel. Wat is permissiwiteit? Dit is 'n baie wye begrip waarvan ek die kern in die volgende definisie wil saamvat. Dit is die verabsoluttering van die vryheid van die individu tot dié punt waar alle norme oor godsdiens of redelikheid oorboord gegooi word. Dit kom daarop neer dat die permissiewe gedagterigting alles wil duld ten einde geen inbreuk te maak op die vryheid om die individu nie. Permissiwiteit is dus liberalisme tot sy logiese en uiterste konsekwensies deurgevoer.

So 'n vryheid — word uiteindelik willekeur en lei tot 'n losbandigheid wat vir die ander (mens) 'n bedreiging vorm. Alhoewel nie te skei nie, kan ons permissiwiteit onderskei op v.a. die ideologiese-, moete-, politieke-, godsdienstige-, literêre en kunsgebied. Word die jeug deur permissiwiteit lamgelê of is hy nog in staat om altyd vir homself 'n duidelike toekomstbeeld voor te hou? Karel Marx het gesê: "Die beste strategie tydens oorlog is om die finale gerigshandeling uit te stel totdat die redelike agteruitgang van die vyand die doodslag sowel moontlik as maklik maak." Marcus gaan verder en sê dat dit nie die ploretariaat is wat die revolusie sal bring nie, maar die ongebondenes, wat die jeug insluit.

Dit is ons plig om te waak teen hierdie ewel, en om so ons toekoms te verseker.
Gert Cloete — Redakteur

Die Kunsklub

Waaroor gaan die kunsklub eintlik?

Dit is baie meer as enige ander klub. Sodra u deur die deure van die kunsamer op 'n Woensdagmiddag loop, voel u 'n atmosfeer van vryheid. Inspirerende musiek speel in die agtergrond en u word dadelik bygestaan deur een van die bestuur.

Meer as een aspek van kuns word behandel, van houtsnede tot pottebakkerij. Al die media word

REDAKSIE

Redakteur/ise: G. Cloete.

Subredakteur/ise: M. Coetzee.

Houttuur: E. Schoombie.

& S. van Blerk.

& A. le Roux

& M. Naudé

Sport: D. Oosthuizen,
J. de Klerk.

&

E. Strauss.

H. Rolfes

Fotografie: A. Smart,
J. Cilliers.

&

T. du Piesanie. M. Botha

Y. Zylstra

Advertensies: N. Angelo, A. van Niekerk.

Algemeen: W. Koen,
J. Maritz,
C. Botes.

&

N. Reed,

C. Koch

E. Grobbelaar

Affies se opvoedingsvenster

Ek wonder hoeveel skole is daar in Suid-Afrika wat kan spog met deurglaspaneel vir die skoolsaal met die tema: Die opvoeding van die mens.

Dit simboliseer die voorbereiding vir die lewenstaak waar die jong seun in die Hoërskool begin, staan hy nog op 'n klein takkie van die boom van kennis.

Die uitgangspunt is in die middel die kerk, die Bybel en die lig wat uitstraal na alle bedrywighede aan weerskante vir inspirasie en leiding deur die lewe, na ons lewe: LAAT DAAR LIG WEES!

Verder sien hy die voetbalspelers, dan volg die brug en kamrod vir die ingenieurswese. Die vierpen, palet, boek en vlis, die muse van die geskiedenis, simboliseer sy kulturele opvoeding. Die tekenhaak en geboue dwarsoor op die agtergrond illustreer die werk van die argitek en versinnebeeld die bouwerk aan die mens se gees. Die eerste paneel regs illustreer in die hier die musiek, in die sirkel, vierkant en driehoek die wiskunde, en die mikroskoop die wetenskap. Voor alle tye die volwasse man maar nog steeds aan studeer.

Die volgende twee paneel illustreer die onderwyser en sy belangrike taak om mense met stamina vir die lewensmarathon voor te berei Bo-oor flits die radiogolue wat die kennis versprei. Ten slotte, hoewel net so belangrik die kamer en skaafwerk vir die handarbeid, maar ook simboliseer hulle die kamer en skaafwerk wat aan die karaktervorming gedoen word. Laastens, die ou man in sy lewenskermering sy kennis uitgebrand tot die blakerblik, bly hy nog student wat glo dat die vrese van die Here die beginsel van alle wysheid is.

Gert Cloete




voorsien en u word altyd by gestaan en gehelp waar nodig.

Die kunsklub is ander leiding van meneer Deichmann en sy bestuur, maar die bestuur sê met 'n hartseer hart tot siens aan mnr. Deichmann wat ons aan die einde van die termyn gaan verlaat. Namens ons almal, baie dankie vir al u hulp en sterkte vorentoe.

Blaasorkes

Enige musikant wat in Affies klasgee, sal, teneinde nie van sy musikale trollie af te raak nie, dikwels 'n blaaskans moet neem. In die winter veral: Ten spyte van die gewillige, gedissiplineerde en intelligente blaasorkes se pogings skrei 'n koue trompet se kraak nou eenmaal ten hemele. Juis daarom is dit so interessant as 'n mens iemand teëkom wat hulle reeds 21 winters lank ywerig afrig en boonop 'n geduldige, toegewyde en positiewe voorbeeld stel. Dit maak 'n mens skaam as jy by tyt na jou eie motivering kyk...

Meneer Poolen, dit betaal tog om meer te doen as wat verwag word. Soms merk iemand dit op en waardeer dit. Geniet u dubbel en dwars, geheel en al, welverdiende vakansie saam met u vrou by daardie



Stroom-op, O Stroom-op!

'n Nuwe kwaal het sy kop uitgesteek en dit blyk dat die hele skool, maar veral die matrieks, in 'n ernstige graad daaraan ly. Kom ons noem dit maar STROOM-OP-epidemie. 'n Mens kan dit nie meer waag om enigsnis iets snaaks te sê nie, want die eerste ding wat jy dadelik sal hoor is: "Haai julle, skryf dit bietjie neer vir die STROOM-OP!" Waag dit net om 'n foto iewers te neem, 1e reaksie — "Daai foto gaan STROOM-OP toe", 2e reaksie — "Ek hoop dis swart en wit!"

As dit nog net hiërby gebly het, maar een pouse moet ek skielik die volgende vraag antwoord: "Wat is jou grootste wens?" Nou ja! 'n wonderlike vraag, en die Sökkieolkwessie sou waarskynlik voorkeur geniet het, maar, dankie tog(!), ek antwoord toe, "Nee heng, ek weet nie!" Terug uit my "wenswêreld" kom ek skielik agter dat dié vraag aan my gestel is deur Solet, wat natuurlik aan 'n redelike ernstige graad van "Stroom-op-epidemie" ly, en sy is met pen en papier bewapen om jou wens vir die nageslag op te teken...

En moet tog nie dink dat Solet deesdae besonder vriendelik raak as sy tydens die snaakste en 'ongemaklikste' situasie denkbaar jou naam in so 'n stroperige stemmetjie roep nie. Moet nog minder omkyk na jou

onvergeelykbare. Kanadese meer tedeë. (Pasop vir die Lorelei op die Ryn — u moet Duorak se Largo nog 'n slag vir ons kom uitpluis!) Sterkte!

Eie komposisies

VERLEDE termyn het die Affies die geleentheid gekry om na die komposisie-talent van hul maats te luister. Lizanne, Louise, Marguerite, Petro, Gerda en Arlene het gewys waartoe hulle in staat is. Na senuweeagtige beginslae het elke deelnemster haar goed van haar taak gekwyt. 'n Prys is deur die Musievereniging uitgelooft vir die beste komposisie. Lizanne het die louere weggedra en elkeen van die ander deelnemsters het 'n beloning- (sjokolade) ontvang. Die byeenkoms is baie goed ondersteun en daar word beplan om nog so 'n "Eie komposisie"-pouse te hou.

vriendin (??), want "KLIK" en jou prentjie is bestem vir die STROOM-OP.

Moenie sommer goedsmoeds aaneen dat Solet vanoggend haar held gesien het (dit miskien ook ja!) as sy jou nou al vir die 3e keer op die stoepe nog steeds vriendelik begroet nie! Wees eerder verseker dat jy binnekort gaan verneem van jou verborge talente(?): "Haai, jy SKRYF mos so oulik!". Jy kyk om om te kyk met wie praat sy, maar kom dan agter julle is alleen. "Wil jy nie vir my 'n artikeltjie skryf vir die STROOM-OP nie, ag sommer oor enigiets. Baie dankie, hoor!"

Stroom-op-epidemie veroorsaak wel dikwels frustrering, maar dit het beslis help bou aan die gees, veral onder die matrieks. (Sowel by dié wat tog 'seblief net nie in die STROOM-OP wil verskyn nie (SKAAM?!), as by dié wat so te sê foto'tjies van hulself neem...

Wanneer is daar egter meer opwindig as die dag wanneer die klaskapiteins die Stroom-oppe kan gaan haal, en jy blitsvinnig deurblooi vir 'n... "geheel indruk"! — dalk is Hy ook daar iewers! Wat is dit anders as STROOM-OP-BLYD SKAP!?!?

Liefdegroete
Gefrustreerde

mitzi's
"ELEGANCE BY CHOICE"

Kwaliteit is Mode en Mode-opwinding is by President Deurloop 17 en Steyn's Deurloop 18

Mitzi's Boutique

Tel: 35178 of 264081

English Debate — 14 May

After their successful variety programme during the first term, the proposition of a straight English debate this term seemed somewhat anti-dimatical to the Debating Society. However, with the help of Mnr van Staden, we manage to stage a debate that were every inch as successful as its predecessor. The subject strikes one as slightly unusual — “The Lady or the Tiger?” but the vast audience will remember it as highly interesting and quite controversial.

A film of the above name was shown. The film has an abrupt ending and leaves the audience in some doubt as to what the anterm would be. Two panels each chose one of the possible alternatives and defended then point. The speakers for the Tiger wer. Alastain Smart, Jan Viljoen and Frans Cronje, Corni Myburgh, Steven de Wet and Robert Brand took the part of the lady.

After the speakers had made their points, the audience were invited to take part in a floor discussion. Contrary to what we believed would be the case, the audience took a healthy interest and widely participated in the discussion. The end of the matter was that 60% of the spectators voted for the tiger, and it was decided that the tiger was the victor.

The event was closed by our chairman Evan Schoombie, and all the attendants left for home with a feeling of an evening well spent.




SKEINATKLUB — A.H.M.

Meisieshoër se Skeinatklub is op en wakker hierdie jaar. Daar is al lankal 'n behoefte aan so 'n klub en alle belangstellendes is welkom.

Interessante uitstappies, lesings en demonstrasies word beplan. Ook films en skyfiereekse word in gedagte gehou.

Vir die ware skeikundiges is daar nou geleentheid om opwindende eksperimente uit te voer. Parfuum kan byvoorbeeld voorberei word — miskien is daar moontlikhede vir 'n toekomstige wetenskaplike in ons midde.

Byeenkosmte vind elke tweede Dinsdagmiddag, direk an skool in K.64 plaas. Almal van st. 6 - 10 is baie welkom!



Matriektruie

Wat het swart bene, 'n blou oopwaairamp, 'n baie sjarmante, elegante, gebreide kledingstuk en net so 'n sjarmante oor-tot-oor glimlag en loop soos konings in Affieland rond . . . ?

Antwoord:

'n MATRIEK op 3 Mei — die eerste wintersdragdag — met 'n nuwe, spoggerige MATRIEKTRUI! (Terloops dit is die titel hierbo; kan julle nie lees nie!)

Oor hierdie truie kan enige matriek stringe en stringe byvoeglike naamwoorde uitryg, want dis so mooi, sag, warm, deftig, invoubaar, waardig, prysenswaardig, noemenswaardig . . . Maar wag, ek is geen

adverteerder van dié truie nie, want dis A NIE te koop NIE. Dit is slegs en uitstluitlik vir matrieks 1982 gemaak en oortreders sal vervolgd (en verdelg) word.

Hoe waar Nerina se woorde? “Julle kan dit aantrek as julle eet, speel en slaap . . .” (gesê die dag toe ons ons truie gekry het); hoeveel waarheid in dié woorde steek, het sy seker nie besef nie. Ja, die donkerblou wonders word oral gedra en, glo my, hulle hou.

Nou ja, één byvoeglike naamwoord wat by die ander gevoeg moet word as die 1982 matriektruie beskryf word, is “rekbaar”, want so 'n truie laat 'n mens se bors mos uitswel van trots — en dan moet die trui mos rek, of hoe?

Ondersteuning?

Iets wat die afgelope tyd baie opvallend geword het tydens hokkie en netbalwedstryde, is die patetiese ondersteuning van Affies. Keer op keer het 'n mens kop-onderste-boen skaam omdat jy 'n Affie is by die paar ander langs die veld (meer as een keer ons eie veld) gaan staan. En hoe langer jy daar staan hoe stiller en skamer word jy, want die opponente se ondersteuners raas al harder! Verskeie pogings van die Sportkapteins om die Affies aan te moedig d.m.v. afkondigings het absoluut geen vrugte afgewerp nie.

Een Saterdag nadat die netbal en hokkie wedstryde verby was, het ek by Seunshoër gaan rugby kyk en my

mond het oopgeval toe ek 'n duisternis Affie-meisies daar raak loop: A nee a, Affies, is dit dan waar julle eerste prioriteite lê? As ons broers ons wedstryde getrou bygewoon het, sou 'n mens julle ondersteuning aan hulle nog verstaan het, maar dis 'n seldsaamheid om 'n groep seuns by ons wedstryde te sien. Ons eerste Netbal- en Hokkiespan is tog net so belangrik. Die wedstryde word ook gewoonlik afgehandel voor die Seuns se eerstespan begin speel. Dis gewoonlik net daardie bietjie ondersteuning wat die wendoel veroorsaak. En wie is die klomp wat die hardste sug as die uitslae in die saal gelees word?

Kom nou Affies, vergeet julle onbetrokkenheid en woon ons skool se wedstryde by!



Decor-dinge

Wat gebeur as 'n mens vir Potas, Helen, Marianne, Madelein, Marika en Madeline en 'n teelepels Anna-Marie bygooi? Jy het 'n dekorspan vir die Engelse eenbedryf.

Saam het ons middae en aande in die saal deurgebring om die rame te span, te verf en staan te maak. Onder al die geskarrel moes ons nog matte, lessenaars en gemakstoel rondkarwei.

Dit is ook by die rondkarwei waar die probleme kop uitgesteek het. Gelukkig het ons vinnig geleer dat 'n wasgoedlyn en 'n paar skoolrokgordels net die ding is om die rame bo-op die kombi's te hou.

Ten spyte van 'n paar klein probleemies het alles toe wel goed afgegaan en dit was 'n ondervinding wat ons nie sommer sal vergeet nie.

Coffee-break

“Will you all be quiet and turn the auditorium lights off!” a voice roared from the back of the hall. Reaction: Immediate silence folowed by a few nervous giggles.

Just another scene from a rehearsal of “Five to Fivt-thirty.” We struggled through the first few weeks fighting bouts of depression and extreme dislike. We (they — the directress excluded) lay on the floor, relaxing, and sat in Hindu prayer-positions and hummed. They protested against learning their lines and acting them out, time flew and we all got nervous.


Then we discovered coffee. Coffee and biscuits. Coffee and lots of biscuits. Lots of coffee and lots of biscuits. And everyone relaxed and did their best so taht “the coffee-break” would last longer. While they relaxed, I pounced on them with my big black book: “Mrs. Boxer, it's a front DOOR bell!” “Alice —” he looked straight at me “— well, look straight out!” “Edith — with, with

with!” “Gertie, I can't hear you.” “Mrs. T., which foot are you going to limp on?” And that's not all. There was stilla prompt to remind that “they still need prompting, you know, Annemarie” and a back-stage manager who “forgot to ring the door-bell, Mariaan.”

Then it was SACEE time and we brought home three Honourable Mention's and an award for Best Actress in a Second Language. Congratulations all around.

More rehearsals in preparation for the TED one-act festival. More coffee, more biscuits (Nuttikrusts, Romany Creams, Lemon Creams, Eat-Sum-More) more “black-book” sessions.

That festival is over, the rehearsals are over, no more coffee and biscuits. In other words “The coffee-break is over, folks. Back to work. Edith, Alice — move the chair over to Gertie so Mrs. T. can sit on it when Mrs. Boxer brings the flowers in.



Een Vrydagmiddag . . .

“Septem cives annis iam provectae”, het gesorg dat ook 1982 se matrieklatynklas (volgens getroue tradisie, deurentyd in die nuus was — sê nie hóe nie!

Een Vrydagmiddag sit 7 onbeskryflik ywerige en hardwerkende matrieks in die biblioteek, besig met intensiewe navorsing aangaande “Die Romeinse administrasie van Sicilië met verwysing na die gebuere wat gelei het tot die aanklagte teen Verres.” (Toemaar, st. 6'ies — in Matriek klink dit eintlik maar na niks!(!)). Skielik word hul intense konsentrasie (om die dik, onhanteerbare ensiklopedieë op die maklikste manier denkbaar te probeer oophou, sodat hulle tog net moet besig lyk), verbreek deur die interkom: “Die Matrieklatynklas moet onmiddellik na die Latynklas gaan! Hulle moet nou daar wees en ek weet waar hulle is nie . . .” Die paar sekondes stilte wat gevolg het voor die interkommunikasie verbreek is, was genoeg om selfs die grootste leek te laat besef dat Juffrou geen genade

gaan betoon aan enige “bankers” nie (al neem hulle ook nou Latyn!).

Vir 'n paar sekondes het daar 'n doodse stilte geheers, en met ongelof op elkeen se gesig te bespreur, kon ons maar net na mekaar staar. Dit was tog immers heeltemal onrealisties (of miskien ook nie eintlik nie!) dat 'n héle Matrieklatynklas sou “bank”, selfs al is dit nou ook ons onhebbelike klomp!

Die stilte was egter algou verbreek deur Mej. Coetsee, wat ons in taamlke benoudheid daaraan herinner het dat sy ons gevra het of Mej. Visser weet dat ons in die Bib is. Wel, klaarblyklik het sy dit nie gewet nie, en noodbevele het gevolg om te probeer red wat daar nog te redde was . . .

Geskokte(?) en verskrikte matrieks wou natuurlik die volgende periode heel verslae weet waar was ons dan — dalk in die berugte “sliip”-hoekie?!

Die konklusie? Latyn kan selfs die 2e laaste periode voor 'n langweek interessant maak . . . en HOE!

VALETE!

Met komplimente
van:

Universiteit/University
Aptek — Pharmacy

Burnett Str. 1090B, HATFIELD
Foon 43-2918 — 43-5216 Phone

“Wens” Denker

Mev. Boardman: 120 Suksesvolle huwelike
Mev. V.d. Heever: Dat almal in die Afrikaanse toneel wil speel.
Mev. Swart: “Stoute Affies”
Mev. Randall: ’n Sonlose winter.
Mev. Louw: Paasseëlgeld.
Mev. Dicker: ’n Matriekklas wat dit ernstig sal opneem as sy met hulle raas.
Mev. Smith: Samewerking voor 31 Des. 1982.
Mev. Maritz: ’n Bakkie.
Mev. Barnard: ’n Sangklas.
Mev. Griffiths: ’n Dieet wat werk.
Mej. Höck: “That we will start to think”
Mej. Visser: Dat die ander vyf soos die ander twee wil word.
Mej. Pellissier: ’n Wakker klas en bywoning van sekere V.I.P.’s.



Swot nou net nie weer vir jou Wiskundetoets nie!!

WAT IS JY?

Iemand wat wiskunde neem —
 kekkelaar
 Wetenskap — slaapkous
 Bybel — grapkas
 Latyn — idiot
 Afrikaans — muis
 Boekhou — skoorsteen
 Houtwerk — bril
 Engels — fietser
 Stelwerk — besem (Liefie)
 Geskiedenis — senuweewrak
 Aardrykskunde — interflora
 Ekonomie — thunder
 Sotho — paalspringer
 Biologie — goliat

DIE “IN-SÊDING”

“Kyk die ‘worry’ in my oog”
 “Baie lekker”
 “In die wêreld”
 “Geniet dit”
 Ek voel N.A.V.I.”
 Jippee, jippee . . .”
 “Goed: een, twee, drie . . .”
 “Nou is ek lus vir ’n B-B-B!”

RAAI, RAAI

Wat is blou en loop in ’n groep?
Matriek prefekte.

Waarom kom daar deesdae so ’n
 “kuggie” van die saal se voorportaal
 af?
Was jy al by die Volksepele?

Hoekom is dié decorspan deesdae
 so vrolik?
*Vra dié dakwandelaars liever
 self.*

Waarom moet die matrieks Afri-
 kaans en Engelse mondelinge doen?
*“Ask no questions and ye will
 hear no lies”*

Wat word van die matriek-Latynklas
 laaste periode op ’n Vrydagmiddag?
*As dit darem nie vir daai take was
 nie . . .*

Wat kan matriekmeisies nog
 skaam maak?
TRUK se “Romeo & Juliet”

Waar kry ’n mens ’n dansende ou
 vir die sokkiejöl?
Nie in Seunshoër nie.



Wat is groen en as jy ’n knoppie druk
 rooi? ’n Padda in ’n versapper.

Affie Top Twenty (One)

Mnr. Roësch — Leader of the pack
 Mnr. le Roux — Catch the cat
 Mnr. Bezuidenhout — Great balls of fire
 Mnr. Edwards — Hak hom blokkies
 Mnr. Boshua — You’ll always find me in the kitchen at parties.
 Mnr. van Staden — Bicycle race/Boy on the border/Your in the
 army know
 Mnr van Huyssteen — Another brick in the wall
 Mnr. van der Merwe — My kleine witte duifie/We kill the world.
 Mnr. van Rooyen — Little boy, big man
 Mnr Cilliers — Ek is ’n dapper muis/Space dust
 Mnr. Booyen — Spanish Eyes/Baby’s got blue eyes
 Mnr Swan — Swanlake/Juke box hero
 Mnr. Swart — N’kosi sekelele Afrika
 Mev. van Vuuren — I’m on fire
 Mev. Bester — Born to be wild/Urgent
 Mev. Van Rooyen — For your eyes only/Girl with April
 in her eyes
 Mev. Engelbrecht — Angel eys/Angel of the morning
 Mev. Botha — Confusion/Working nine to five
 Mev. Smit (sang) — I am the beat
 Mev. le Roux — Devil woman/Shut up your face
 Mnr. Brooks — Hier sit die manne in die Royal Hotel



M4 = Mad . . . Madelin, Mal . . . Malan

’n Droom!!

Die Stroom-op het onlangs in persoonlike onderhoude die volgende
 antwoorde op die vraag “Wat is jou grootste droom?, van ’n paar Affies
 gekry:

Marianne: ’n Man!
Annette: “Ek droom nie”
Hanneke: “O, daar is só baie”
Lynn: “A field the size of Salisbury plain with great wacking angels . . .”
Cobie: “Hugo”
Marlene la Grange: “Broodjies en nogmaals broodjies”
Solet: “Sekere wakker kinders moet disintegreer!”
Charlotte Klein: “Om gelukkig getroud te wees”
Mariaan: “Oogdruppels”
Francien: “Slaap!”
Aloutte: “Aag, Sharrap, man!”
Madelein Malan: “Fun, broos en sexy”
Mariette: “Dat die regte mense op die regte tye moet kom kuier . . .”
Mignon: “Dis ’n verskriklike groot droom . . . huh . . .”
Lynette Smit: “Ek kan nie vir jou hard sê nie.”
Kotie: “Om net uit die skool te kom!”
Madeleine Barnard: “’n Mooi “partner” vir die afskeid”
Aleida: “’n Warm tropiese eiland en ’n ou!”
Zelda v.d. Merwe: “’n Wynplaas en ’n ryk man”
Elizabeth: Om langer bene te hê”
Nerina: “Om betyds by die robot te wees . . .”
Marguerite: “Om met Pierre te trou”
Annemarie Murry: “’n Rooi sportmotor”
Hannelie Pretorius: “Oe, ek wil ’n Rolls Royce hê!”

VISUALISASIE

Visualiseer —

Mnr Swan as Flash Gordon
(JUST IMAGINE) —
 Mnr. Boshua op ’n Passola
 Mnr. Boshua in ’n Royco-pakkie
 Mnr. van der Merwe as ’n mode ontwerper
 Mnr. Van Huyssteen as ’n Messelaar
 Mnr. Bezuidenhout in Naas Botha se hande
 Mnr. Du Plessis met ’n pyl-en-boog in Boesmanland
 Mev. Botha in ’n redenaarskompetisie
 Mev. Botha in ’n babbekous
 Mev. Coetzee in Feëtieland
 Mev. Le Roux met ’n besem tussen blomme
 Mnr. Le Roux spinnend in ’n mandjie
 Mev. Grobler in ’n supermark
 Mev. Smith in Deep Purple
 Mnr. Van Staden in die Rapport Fietstoer
 Mnr. Deichman as ’n reuse basketbalspeler
 Mnr. Booyen met Sophia Loren se oë
 Mnr. Venter op soek na ’n rugbybal
 Mnr. Van Wyk as ’n snydokter (met skalpel om te rook)



Keppies

As ’n onderwyseres of prefek naby
 aan “oorlogverklaar” kom, kan ’n
 mens maar weet, -keppies is iewers
 in die gedrang!

Ja, nee, om die een of ander rede
 beskou sekere dit as té veel moeite
 om ’n keppie op hul koppe te sit.
 Diegene het natuurlik altyd die
 indrukwekkendste verskonings . . .

— “Ek’t vanoggend my hare
 gewas — dis nog nat.” (vroeër
 opstaan!)

— “My keppie is by die droog-
 skoonmaker”. (Bensien werk net so
 goed).

— “Dit reën”, (volg prefek se
 verbaasde blik na lug) “ek meen dit
 het vanoggend gereën.”

— St. 6, pas in skoolterrein, aan
 prefek: “O, hy’s in my tas, ek sal hom
 nou opsit!”

— “My keppie is in die klas
 toegesluit”.

— “Ek’t hom gister in die bus
 vergeet” (Die Munisipaliteit sal ’n
 fortuin kan maak uit al die keppeis
 wat al in hul busse vergeet is.)

— “Ek gaan Vrydag ’n nuwe een
 kry, ek belowe . . . o, dis vandag
 Vrydag . . .”

— “Iemand het hom gesteel, jy
 weet mos hoe steel almal keppies?”
 (Nee, ek weet nie.)

— “O, jammer . . . hy’s wég!”
 (Kry vir Sherlock Holmes)

— “Ek kan ongelukkig nie in die
 oggende en middag my keppie dra nie
 — my ou se kar se dak is te laag”.

— “My hond het hom gister
 geskeur.”

— Tydens vlagparade; “Ek’t hom
 in die koshuis vergeet, sien, ek’s in
 die koshuis.”

— Affie reeds lankal by die hek
 uit: “O, hy’s nog in my tas”.

Die frusterendste is egter
 diegene wat jou so ondersoekend
 aankyk en ewe kordaat verklaar
 “HYS WEG”, met ’n houding wat
 sê “wat gaan jy daaromtrent doen?”

Die kalmste verskoning is sekerlik
 “Ek hou nie daarvan om ’n keppie te
 dra nie” of nog beter, “My ou hou nie
 van my keppie nie!”

Die volgende is reeds as probleem-
 situasies verklaar:

— Busse, veral dubbeldekkers
 met ’n prefek/buskapteine’ onderin!

— ’n Middag in die stad (nie aan te
 beveel vir ’n prefek met ’n vinnige
 humeur nie).


— ’n Middag in Sunnypark (nog
 erger!)

— Vlagparades

— Hekke wat druk verkeer dra —
 ’n keppie verwissel soms van tot 4
 eenaars . . .

— Funksies in die aande —
 keppies is nie daar nodig nie, maar ’n
 paar ooryweriges s’n gaan altyd
 saam, sodat dit natuurlik die volgende
 dag WEG is.

Mense wat hoog mik



Op elke terrein van die lewe is daar mense wat hulself
 net aan die hoogste standarde meet . . . mense wat die
 drome van vandag met toewyding omskep in die blink trofee
 van môre. Maar die aanloop na sukses is ’n lang, veelsidige
 pad.
 Vandag het u ’n geldvriend in u strewe na die beste wat
 die lewe bied. Saambou-Nasionaal is ’n bouvereniging wat
 self sy mikpunt hoog stel, en reeds bewys daarvan gelewer
 het. ’n Organisasie wat deur soveel vertroue gerugsteun
 word, behoort die grondslag te wees waarop u toekomstige
 gebou word.
 Kom gesels met Saambou-Nasionaal oor die spaarplanne
 en beleggingskemas wat u sal pas.

Saambou
 Nasionale Bouvereniging




Spreekbuis: Kommunisme in Rusland

Karl Marx, 'n ekonomiese denker en een van die invloedrykste filosowe van die 19de eeu, het reeds so vroeg as in 1848 die kern van sy denkrigtings in die pamflet, "Die Kommunistiese Manifest" uitgelê. Hiermee het hy 'n beroep gedoen op al die arbeiders en die wêreld om te verenig en hulle heersers, die kapitaliste, omver te werp.

Die kapitalistiese stelsel het 'n teenvoeter, proletariëse en sosialisme, laat ontstaan en uit hierdie botsing is 'n nuwe stelsel gebore, nl. Kommunisme met sy ideale van geen ongelykheid, geen onderdrukking en geen armoede privaat besit was uit die bose en almal moes deel in die algemene welvaart van die staat. Die toestand in Rusland aan die begin van die 20ste eeu het daartoe aanleiding gegee dat 'n revolusie in 1917 plaasgekom het, en die tsaristiese regime tot 'n val gekom het. Micolai Lenin "a fanatic tireless in

word 'n indrukwekkende lys regte vir die burgers gewaarborg, onder andere die reg op opvoeding, vryheid van Godsdiens, spraak en die Pers. Rusland is egter 'n een-party staat; en hierdie Kommunistiese Party se lede het nog nooit meer as 2% van die bevolking uitgemaak nie, slegs die party word geduld en beheer deur die staat. By verkiesings behaal sy kandidate 'n volstreekte meerderheid — om die eenvoudige rede dat daar geen ander kandidate is of mag wees nie. Kiesers kan dus slegs vir of teen kandidate stem, terwyl die "regte" van dié burgers slegs in die belange van die Kommunistiese Party uitgeoefen mag word. Vryheid is hier dus slegs die vryheid en die party te steun en nie te kritiseer nie.

Die Kommunistiese Party is baie heg georganiseer daar is die allerkleinste (selle) met minstens 3 lede, distrikskongresse en provinsiale kongresse tot by die al — Rusiese Kongres wat al om die ander jaar vergader. Hier word die staatsbeleid bepaal. Magsposisie bekleër in die party is die Sekretaris-generaal wat dus eentlik alleen-heerser oor Rusland is, om lid te wees van die party, moet 'n persoon aan streng kwalifikasies voldoen en hy moet bv. godsdiens heeltmaal afweer. Minder betroubare lede word deur suiweringsprosesse geïlimineer — dikwels ook die leiers.



effort" het direk na die bewindsorname in 1917 Rusland se ekonomiese lewe begin sosialiseer. Daar is beslag gelê of die eiendom van alle grondbesitters (ook die kerk s'n) en dit is ander toesig onder die boere verdeel.

Die grondwet van 1918-23 kan in 1936 reeds gewysig word weens die stewigheid van die kommuniste se posisie in Rusland onder Stalin. Die nuwe grondwet wat voorsiening maak vir algemene stemreg, direkte verkiesing, en geheime stemming in soos volg saamgestel: die opperste Sowjet is die hoogste regeringsliggaam en bestaan uit twee huise. Die hele land word in die Sowjet om die Unie verteenwoordig op die grondslag van een afgevaardigde vir elke 300 000 mense, terwyl die gefedereerde Sowjet — Republiek in die Sowjet van die Nasionaliteite verteenwoordig word. Die opperste Sowjet kies die Presidium van 36 lede wat gesamentlik as hoof van die staat optree en ook die raad van volks — kommissarisse (Hoofministers), wat die uitvoerende gesag uitoefen.

Waarskynlik is dit die mees demokratiese grondwet in die wêreld. Daar


Kommunisme is anti-godsdiensig omdat die Ortodokse Kerk se hiernamaalsbeskouing tevredenheid en 'n waardering van geestelike i.p.v. materialistiese waardes veroorsaak beteken dit was anti-revolusionisties. Die staatsgodsdiens word dus miskien die beste as ateïsme beskryf maatskaplike, huislike en persoonlike aangeleenthede word deur die staat gestig terwyl die Kommunistiese jeugorganisasie, komsomol, vir die indoktrinering van die jeug sorg.

Werk is die verpligting van elke burger op die beginsel van "From each according to his ability, to each according to his work".

Daarom is dit vir elke burger van die Demokratiese Weste noodsaaklik om volgens die beste van sy vermoë te presteer om so optimum produktiwiteit te verkry. Slegs indien elkeen sy deel doen, sal ons die aanslag van die Kommuniste kan afweer. Laastens, om die aanslag af te weer, kan ons die resep in Bismarck se veel besproke woorde vind: "Aan die jeug het ek slegs drie woorde: WERK, WERK, WERK!"

G.V

Affia kom weer!



Matriek Biologiekamp

10h00 19 Maart 1982

Twintig Affies, Mej. Holtzhausen en Mev. Crous vertrek onder die bekwame leiding van Mev. Swart na die Vrystaat. Vergete is alle voorwerpe soos skoolboeke, tasse, ens. Clarens hier kom ons!

So het die heerlikste naweek ooit begin. Net 'n entjie buitekant Johannesburg moes ons stilhou om die seil van die dakrak vas te maak. Toe ons wil verder ry, het die blou Kombi geweier. Gelukkig het 'n barmhartige Samaritaan gestop en hulp verleen. Ons kon die reis voortsit.

Na 'n lang, vermoeiende reis van styfsit, het die berge wat Clarens omvou, voor ons gelê. Die Kombi's is met groot moeite teen die heuwel uit. Ons het by Bergskans stilgehou. Juffrou Holtzhausen het ons haar pragtige huis gewys en ons baie tuis laat voel. Ons het afgepak en begin tent opslaan. (Ons het almal gou vriendskappe aangeknoop met die Voortrekkers.) Ons het aandete genuttig (diegene wat nog daar toe instaat was om te eet buite in die tuin.

Mev. Swart het vergadering gehou om die volgende dag se reëlins in orde te kry. Daarna het ons Mariaan se verjaarsdag gevier: Bibberend, (dit was nogal koel) is ons na ons tentjies om te gaan slaap. Die lanterns se liggies het verdwaald gebrand. Dit het saggies begin reën.

06h00 20 April 1982:

"Lekker geslaap?, Opstaan, opstaan" Styf, styf het ons uit die tente gekruip. Om afdraande te slaap met net 'n seiltjie tussen jou en moeder-aarde was nie 'n grap nie.



Modify

En wanneer het die Affies dan nou blitsig begin raak? Wat maak hulle met die help-my-trappe en baie-sukkels? Volgens die nuutste weer-gawes is hierdie ouderwetse dinge nou "gemodify", kry die goed nou enjins met CC's aan en laat die kleredrag op 'n koue wintersoggend mens dink aan "space-invaders", want sien dis nou helms, hand-skoene, "windbrakers", ens.

Hulle staan deesdae so ingeryg. By die seunskool "jelly-babies" van alle kleure. Tipies mansmens is die nuutste modelle en grootste CC wat pa toelaat, elke môre brullend op sy plek — gister was die stuurstang hoog soos 'n rooi Afrikaner se horings, môre is dit plat soos 'n tier se ore wat sluipend nader kruip, vandag is dit blou Honda rooi en môre lyk die groen Yamaha soos die swart Kawasaki.

Mooi fyntjies brom die meisies se reënboogkleurige Passola's nou ook teen die alte flukse snelheid van 45 km/h die skoolwerf binne. Darem net vir afwisseling kom 'n Suzuki met sy vet agterstewe, 'n Honda met sy pypsteelnek of 'n chappi met sy sandtrappers ook ingestoom. Een van die meisies het nou glo 'n "50 CC scramler", 'n gele soos magrietjies. 'n Gerug is ook dat so 'n effe groter 100 CC wye draaie loop om die skoolwerf totdat die nodige lisensies verkry sal word.

Sommige White, Barendse en vanne soos Van Rensburgs se rygoed strek glo nou na meer geriefliker dinge soos Datsunbakkies en Renaults. Wat mens darem nie alles vir 'n bietjie gerief (of status) sal doen nie? Wag net tot die parkeermeters ingeplant word, dan gaan hierdie nuwerwetse gier gou die nek ingeslaan word.



Besoek aan ouetehuis

Woensdagmiddag 19 Mei terwyl honderde Affies al jillende die langnaweek begin het, het in paar van die Huisvlyt-Matrieks die seniorburgers van Verwoerdburg Rusoord met middagtee gaan trakteeer.

Die vorige middag is gebak en

gebrou (soos net 'n spul matrieks kan!) om tertjies, koeksisters ens. voor-té berei vir bediening by die tee. Mev. Bauer het al haar dae gehad om te keer dat die klomp, "honger" Affies nie al die lekkernye op "proe" nie!

Woensdagoggend het almal ingesprong om alles klaar te maak — Gisela en Ina het die blommerangskikkings met 'n spoed klaar gemaak; Lizette se senuwees het vinniger gewerk as haar hande met die maak van die appeltertjievulsel; Debbie het fudge uitgepak soos min en Marlene het al die eetwerk gedoen! Tussen alles deur is daar nog skouerruikertjies ook gemaak! Elke oom en tannie het met die intrapslag 'n ruikertjie ontvang en met 'n groot glimlag na Lizanne en Marguerite se klavierspel en sang geluister. Tee is bedien en almal (nie ons Affies nie) het heerlik gesmul aan die eetgoed.

Te gou was die middag verby en ons is hartlik bedank en genooi om weer te kom. Almal van ons het die arme geel kombie toegesak en Juf. Visser het ons weer veilig terug besorg. Baie dankie aan Mev. Bauer vir al haar reëlins en moeite! Ons waardeer dit baie! Dankie aan Juf. Visser dat sy haar middag opgeoffer het om ons te vervoer. Duisende dankies aan die Affies wat gehelp het om dit 'n wonderlike dag te maak!



Onderwyseres sêgoed

Mev. Langley: "Ek het gedink hierdie jaar se st. 9's is anders."
 Mev. Johnson: "Laat ek julle gesiggies sien."
 Mev. Pienaar: "Aag, maar hoekom het julle my nie gesê nie nie, nou't ons 'n hele tien minute gemors."
 Mev. Louw: "Vir julle volgende dubbelperiode . . ."
 Juf. Bothma: "Bunk daardie vriendin van jou alweer my periode."
 Juf. Pellissier: "Kom, kom mense, loop vinniger."
 Mev. Maritz: "Do any of you need to go anywhere (tussen twee periodes)"
 Juf. Hirschorn: "Ek verkrag nie my gewete nie." (Na ons st. 9's REDS wou gaan kyk.)
 Juf. Koen: "Poplap, ons skryf een kunstoets dié termyn dan skryf julle oor al 26 kunstenaars."
 Juf. Reardon: "Hoe dink julle moet 'n ideale man lyk?"
 Mev. De Villiers: "Julle skryf Woensdag vir my 'n harmonie toets né."
 "Wat vroetel so onder die bank? (aan klas) Dis reg, lekkers."
 Mev. Edwards: "Ongelooflik mense! "
 "Haai, dis jammer!"
 Mev. Randall: "Doen julle huiswerk by die huis, moenie dit soos papegaai hier kom afskryf nie."
 Mev. Booyen: "Hierdie naweek het my glad nie goed gedoen nie."

10 B in Beeld

Annelize	= Primo	= eerste
Antjie	= Secondo	= tweede
Nerina	= marziale	= krygshaftig
Elna	= Stringendo	= dringend versnellen
Elmarie	= espressive	= uitdrukingsvol
Esté	= calando	= afnemend in toonsterkte en tempo
Karina	= morendo	= kwynend, wegsterwend
Riekie	= ruhig	= rustig
Elsabé	= tempo commodo	= gerieflike tempo
Suzanne	= piano	= sag
Regina	= facile	= gemaklik
Gerda	= allargando	= breër wordend
Adelé	= can brio	= met geesdrif
Alet	= tacet	= dit swyg
Magriet	= teneramente	= teer
Lizzette	= tranquillo	= bedaard
Riane	= lento	= stadig
Kokkie	= riterdando	= stadiger
Lynn	= senza sordino	= sonder dempers
Christo	= perdendosi	= verlorend
Welna	= scherzando	= skertsend
Mireille	= doppio movimento	= met dubbel die spoed
Létho	= traurig	= treurig, hartseer
Kuzzette	= a piacere	= na goeddunke
Sanet	= con fuoco	= met vuur
Ilona	= secco-tenuto	= droog en voluitgehou.

C.S.V.-kamp

Dis 18h30, Vrydag 14 Mei, vyf-entertig lewenslustige Affies en 'n moedige mev. Randall het sak en pak by die Oppiebergkampterrein, wat natuurlik met die intrapslag reeds herdoop is na "Affie-berg", aangeland, en 'n naartigelike soektog na slaapsakke, tasse en kitare word in die donker geloods.
 'n Rukkie later word die normale tekens van rustigheid darem weer bespeur as ons 'n heerlike kitsaandete nuttig. Dit was asof almal gemeen het hulle moet hul laaste kans van "eet" nie laat verbyglip nie, veral nadat mev. Randall haar bes gedoen het om ons te laat verstaan dat die Jersey-bul wat iewers in die nabyheid op vrye voet is, eintlik 'n ernstige saak is!
 "Kenmekaar" en samesang het gevolg en 2-uur was kastig ligte uit, maar wie kan nou so iets van 'n tradisie-vaste Affie-kongregasie verwag, veral as daar nog boonop koshuisverteenvoording ook is?! Ja nee, die kamp is op ordentlike wyse ingelei met deeglike "middies". So teen halfeen se kant was die ligte uit en 'n rukkie later is die laaste gil nog gehoor, maar toe het SLAAP geseëvier.
 Saterdagoggend 6h00 was opstaantyd en 6h30 sou ons kloop toe vertrek. Maar reeds in hierdie vroeë stadium van die kamp, het 'n

frustrerende Affie-kenmerk homself geopenbaar: onstiptelikeheid. Ons het gevolglik 'n bietjie(!) later as 6h30 kloop toe vertrek en na ons 'n rukkie lank grasse, klippe, gate en doringdrade moes trotseer, het ons skielik 'n asemrowende uitsig op die kloop gehad. Ons het in ons groepies verdeel en baie insiggewende Bybelstudie gehou met die ongerepte natuur as aansporing.
 Ná ontbyt het ds. Beetge gearriveer en ons het weer saamgesing terwyl ons op die onstiptelikes gewag het.
 Die eerste Bybelstudie-onderwerp was "Ek en my vriende" en die volgende, ná teetyd, "Ek en my ouers". Ds. Beetge het klaarblyklik

nie geweet wat tref hom met die terugrapportering oor die "klages" (in alle liefde geopper!) teen ons ouers nie. Na middagete het die 3e Bybelstudie gehandel oor "Ek en my liefdeslewe", wat, alhoewel dit aanvanklik gelyk het of almal maar net (kop onderstebo!) ewe gedwee gaan luister na wat dominee te sê het, ook in 'n baie lewendige bespreking met die eienaardigste vrae ontwikkel het! Wie sal nou bv. mev. Randall se vrae en die reaksie vergeet?!

Die oorblywende 'dag' was veronderstel om siesta te wees, maar dit was so al of die laaste bespreking die nodige energie laat opvlam het en almal was lus vir sport(s) (en malvalekkers, né Christelle?)

'n Rukkie later het die kreet- en liedjiebeoordeling gevolg. Boeresport (in die donker!) was die volgende op die program en alhoewel die beoordeelaars se beslissings soms heftige reaksie uitgelok het, het almal dit terdeë geniet — meelgesigte en al!

Daarna het drama (letterlik en figuurlik!) gevolg toe ons kans gekry het om ons beestelike en geestelike items vir die konsert voor te berei. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat daar heelwat belowende aktrises onder die juniors skuil . . .

Daardie aand was daar nie kwaai matrieks (3!) en st. 9's nodig om almal in hul beddens te kry nie — a.g.v. moegheid was dit 'n natuurlike reaksie.

Na Sondagoggend se individuele Bybelstudie op die berg of by die kloop, het ds. Borchardt (en sy gesin) gearriveer — hy het 'n rukkie later die erediens gelei.

Sondagmiddag se kookspan, onder bekwame leiding van mnr. en mev. Randall, het besondere vernuf getoon, veral wat betref die nagereg! (Vra maar vir Annelie; sy kon nie genóeg kry nie!)

Operasieopruim het gevolg en almal het fluks(?) gehelp om "Oppieberg" weer volgens Affie-standaarde skoon te kry. Toe die bus 'n uur laat daar opdaag, is die "bekers" eers uitgedeel en daarna het ons 'n rekordtyd die bus gepak!

Vir amper 2 ure kon almal in opgeknoopte posities hul verlore slaap inhaal. Maar toe die bus die laaste draai in Bondstraat vat, het 'n plaat motors en ongeduldige pa's (hulle't 'n uur tyd gehad om ongeduldig te word!) op ons gewag.

Kortom, 'n fantastiese kamp. Aan diegene wat hierdie jaar nie kon saamgaan nie, 'n bietjie raad — moenie wêr volgende jaar so 'n wonderlike geleentheid deur jou vingers laat glip nie GAAN KAMP SAAM!!



Katokkie, 'n naweek?

Matrieks in die digkuns

- Nerina: 'n Iedere nasie het syn wet wat goed gebied en kwaad belet.
- Ronel Nel: O treurig die wysie op die ooswind se maat, soos die lied van 'n meisie in haar liefde verlaat.
- Edrie: Ek slaap in die rus van die eeue gesus: ongesien, ongetroud.
- Elmine: dis 'n vallende traan — dis al.
- Helen: Wat is die slaap 'n wondersoete ding!
- Spanje: Nog 'n skuinse grappie, kèrels, nog 'n glasië wyn
En gore werklikhede sal in 'n mis verdwyn
- Lynette: Hul het my uitgekies en getroom tot hierdie tronk waarin ek woon
- Michelle Wessels: O vra my nie my liefde, ek het dit weggegee
- Arina: Die een is swart en nors en kwaai, geneig tot oproer en lawaai.
- Pouse groep: bietjie-bietjie skinder met skuinsweg 'n skimp en plek-plek 'n luide geskater.

10D and Miss Hönck

"When you've got a moment to spare, good morning"
 "And where is this object today?"
 "Man, are you clever!"
 "Is thinking such a painful process?"
 "What's the matter? You remind me of toffee gone wrong — it sticks to your hands and takes the fillings out of your teeth!"
 "It doesn't matter Annemarie, I know you are asleep. I am speaking to the others"
 "What do you mean: 'dis 'n simpel storie?"
 "This come of doing Shakespeare with fools"
 "You can buy a Classic comic, Marianne, and read that!"
 "Anyone else have an intelligent comment? I am not being sarcastic Annette!"
 "Teaching is a mug's game — the 'onderwyskandidate' should have their heads read".



Jomeo and Ruliet in the hostel

- Affie girl at a Seuns Hoër movie : Did my heart love till now? Forswear it sight, for I ne'er saw true beauty till this night.
- Affie girl during the movie: You kiss by the book
- Affie girl after the movie: Goodnight, goodnight! Parting is such a sweet sorrow.
- Affie on a Monday after a hostelweek-end : Love goes toward love, as schoolboys from their books.
but love from love, toward school with heavy looks.
- Affie girl in love : Take him and cut him out in the little stars, and he will make the face of heaven so fine.
- An Affie in Miss Crouss's office : Affliction is enamoured of thy parts and thou art wedded to calamity.
- Hostel matric : I must be gone and live, or stay and die.
- Matrics doing science : If in thy wisdom, thou canst give no help . . .
- Matrics swotting history : Thou shalt continue two-and-forty hours, and then awake as from a pleasant sleep.
- Slipping Affies caught : A greater power than we can contradict hath thwarted our intents.
- Affie braking up : For never was a story of more woe. Than this of Ruliet and her Romeo.

HOKKIEKURSUS

Om 07h30 Vrydagoggend het 11 hokkie-Affies en Mev. Edwards in die geel kombi afgery na Potch. vir 'n hokkiekursus.

Almal wou net slaap, maar mev. Edwards wou sing omdat daar nie 'n radio was nie. Party het toe maar saamgesing terwyl die ander heerlik geslaap het. Daar aangekom, is ons na die koshuis, Heide, geneem waar ons sou bly vir die duur van die kursus. By die hokkievelde is ons verwelkom deur mev. Rine van Zyl, 'n springbokhokkiespeelster, springbokafrigster en ook springbokkeurder. Sy het ons dadelik laat verstaan dat hokkie 'n beweeglike spel is. Ons het sommer weggespring met 'n opwarmingssessie en ons Affies het maar swaargekry.

Daar was 5 afrigters waarvan mev. Edwards een was.

Die Vrydag het ons minihokkie

gespeel en allerhande vaardighedsronde oefeninge gedoen. Die aand het ons binnemuurse hokkie gespeel. Daarna was ons almal pootuit en het ons bed toe gegaan. Ons het die volgende dag baie styf opgestaan. Ons het elke dag nuwe dinge geleer en genoeg hokkie gespeel. Sondag was ons 'n uur te vroeg vir kerk. (Seker a.g.v. fiksheid — (Red.)

Ons span: Mev. Edwards, Zelda, Michelle, Amelia, Marianne, Annette, Yzette, Landi, Michelle Steinberg, Karin, Renata en Annelie het elke dag alles as 'n span saam gedoen en so het ons die gees baie versterk. Elke dag het ons nuwe dinge geleer. Ons het ook groot maats geword met die meisies van Helpmekaar Meisieshoër en dr. Malan.

Toe Dinsdag, die laaste dag van die kursus, aanbreek, was daar net een woord in ons koppe, HOKKIE. Ons het tot dusver elke aand

wedstryde gespeel en uit die 8 skole, 3e geëindig. Daar was twee oefenrondes waardeur jy 'n koffiebeker kon wen. Michelle Laesecke het een gewen met haar vinnigste tyd in die vaardigheidsstoets en Zelda het ook 'n beker gewen met die vinnigste tyd in die taktiese-tegniese toets.

Dinsdagaand na die uitdeling van pryse het ons konsert gehou. Affies het 'n pragtige toneelstuk gehad, genaamd: BEWEEGLIKHEID. Ons het toe die aand afgesluit met: "Affies dra die blou".

Woensdagoggend vroeg het ons in die pad geval huis toe. Ons het Potchefstroom swaar gegroet. Die span het baie geleer al was ons nie die volle eerstespan nie. Ons sal dit lank onthou. Ons wil mev. Edwards bedank dat sy saamgegaan het en so 'n puik afrigster was.

Menlopark weer oorwin

Reeds vroeg in die jaar, die einde van Februarie, het ons aan die blou mannetjies hier bo aan die oostekant van Lynnwoodweg belowe dat hulle dag sal kom. Ons het selfs die datum aan hulle gegee, 12 Junie.

Wel daardie week het aangebreek, met 15 Affies wat seergemaak is die vorige Saterdag. Die geestelike oorlog het begin. Menlopark het die eerste rondte gewen, want weens 'n ongelukkige voorval moes 'n paar spelers hulle onttrek. Sodanig so dat die tweede span net 'n gereelde ligaspeler oor gehad het. Skielik het al die spelers promosie gekry maar dit het menige span uit rat gegooi.

Die Saterdag het aangebreek. Menlopark het in al hulle glorie van hulle laerskooltjie afgestap gekom. Hulle sou mos dié dag Affies "wen". Weer eens was dit 'n geval van te gou sulke gedagtes kry. Want weer eens sou hulle hard neerkom.

Die aanvanklike sukses by die juniorspanne het hulle nog gelukkiger gemaak, maar ons wou hulle net verder laat val. Die tweede span het opgedraf met 'n hele nuwe span, en alhoewel die wedstryd nie lekker aan die gang kon kom nie, het Affies gewen. Dit was die begin van die einde, want toe die eerste span ophardloop het die weerligstrale omtrent tussen die pawiljoene geblits.

Toe hulle die afskop skop, het ons dit goed raak gevat, toegemaak en Marius het weggedryf, die bal het losgespat. Weer eens het dit vinnig uitgeskiet en Johan het dit hoog opgesit. Hulle heelagter het onder die druk geswig en Marius het op die bal geduik. Die verbaasde hoofpawiljoenskare was verstom.

Die Parkies kon nooit van die skok herstel nie en laat in die tweede helfte het ons hulle lot versee. Die eindtelling 11-7. Parkies, wen is nie werklik so maklik nie, nie teen Affies nie.



Skyfskiet

Agter die skerms

In Affies hoor 'n mens maar min van die skyfskiet en wat alles agter die skerms aangaan.

Vanjaar het ons skyfskietspanne, en vir al die junior span, baie goed gevorder. Ons het tot nou toe teen vier skole geskiet en drie uit die vier keer gewen. Ons het as oorwinnaars uit die stryd getree teen verwoerdburg, Erasmus en Overkruin, ongelukkig het Boys High ons met 0,95% geklop.

Nogtans het die junior skietspan deurgedring na die eindronde van die Noord-Transvaal Busley kampioenskappe.

Skyfskiet verskerp 'n mens se konsentrasie, jou oordeelsvermoë en kan sommer ook dien as 'n lekker ontspanningsport. Daarom wil ek graag namens altwee skietspanne baie dankie sê aan mnr. van Staden vir al sy opofferinge en die goeie gees wat deur hom in die spanne opgebou is. Ons geniet dit!

Hokkie- proewe

Michelle L, Amelia, Zelda, Rihana v. Zyl, Edrie v. R en Gail Enslin het deurgedring na die semi-finale proewe.

Michelle L, Amelia en Zelda het die finale proewe gehaal waar daar net drie spanne was om uit te kies. Amelia is gekeur vir N.-Tvl.

Skaak

Hoekom is dit dat 'n sport wat reeds lank beoefen word hier afgeskeep moet word?

Hierdie jaar het ons 3 spanne (die eerste span onderleiding van Sog) vir die liga ingeskryf. — Die matrieks is baie sleg verteenwoordig terwyl die juniors heelgoed verteenwoordig word. Hoekom?

Met julle hulp en bystand deur by ons aan te sluit kan ons weer "Affies die Gevreesde" word en nie terugstaan vir ander nie.

Namens al die skaakspeler wil ons graag vir mev. Grobler bedank asook al die ander onderwyseresse vir hulle moeite.

Tennis

Met die bo/15 tennis het dit tot dusver die jaar baie goed gegaan. Die eerste span het skoonskip in al sy wedstryde gemaak. Indien ons voortbou op hierdie suksesse sal ons moontlik weer die Administrateursbeker, soos verlede jaar, wen.

Alle gelukwense aan Kosie Sauer, Gerrie Dippenaar en Samie de Necker wat die Noord-Transvaalse Junior Interprovinsiale span gehaal het. Ook gelukwense aan die volgende vyf spelers van Affies wat die Noord-Transvaal Hoërskole span gehaal het: Kosie Sauer, Gerrie Dippenaar, Samie de Necker, Gerrie Le Roux en André de Beer.

Gerrie Le Roux het tydens die afgelope Noord-Transvaalse Ope Kampioenskappe besonder goed gevaar en die Stroom-op redaksie wil vir hom gelukwens met sy prestasie. Al die Affies staan agter die tennisspelers en ons hoop dat die eerste span weer vanjaar die beker na sy ware tuiste sal bring.

Tennisbane

AAN DIE begin van die jaar het mej. Holtzhausen toestemming verleen dat die oppervlaktes van vier tennisbane vervang kan word.

Aan die einde van April is die tennisbane in gebruik geneem en ter stuiwing van die koste daaraan verbonde, is Affie T-hempies verkoop.

Die nuwe tennisbane was 'n groot inspirasie vir elke tennis-Affie en ons hou duimvas uit die eerste span wat tot dusver nog geen wedstryde in die A-liga verloor het nie.

RUGBY

Met die nuwe indeling van ouderdomme in die junior rugby lyk sake vanjaar belowend.

Die ouderdomsindeling bring mee dat almal wat in 1966 gebore is, en ná 30 Junie verjaar, 0/15 mag speel en dus is die gemiddelde ouderdom van die groep hoër. Daar is ook 'n beker waarvoor meeding word, soortgelyk aan die Administrateursbeker, en die kompetisie word ook op dieselfde basis as die Administrateursdeker beslis.

Daar is ook veranderings aangebring in die areas waarin die spanne speel. Die A-en B-span speel in die A area en die C-en D-spanne in die D-area.

Die A- en B- spanne is nog onoorwonne en kan spog met tellings soos 35-0; 32-0 ens. Met die C en D spanne gaan dit egter nie heeltemaal so voorspoedig nie oorgesien hulle

teen ander skole se A- en B-spanne onderskeidelik speel.

Hoewel die spanne hard oefen, is die sukses tot dusver ook grootliks toe te skryf aan die toewyding van die afrigters, mnr Botha en Pretorius by die C-en D spanne.

Die twee groot wedstryde van die jaar te nog voor, t.w. Boys Nigel en Menlopark. Menlopark se 0/15 A-span is ook tot op hede onoorwonne. Ons A-span se statistiek lyk egter baie goed en dit belooft om 'n harde wedstryd te wees.

Aantal Wedstryde	Punte teen	Punte teen	Gemiddeld
7	182	6	26
4	116	0	29

Affies se 0/15-rugby lyk goed en staan 'n goeie kans om ver in die bekerkompetisie te vorder, en hulle is ook vasberade om dit te doen!



Rugbytoer 1982


Gedurende die Aprilvakansie het drie en twintig Affies 'n rugbykursus by die Universiteit van Pretoria bygewoon. Saam met nege ander skole het ons gretig na die hulp wat aangebied is geluister, veral as groot rugbymanne soos Dok Dinkelman en Jackie Snyman aan die woord was.

Daagliks is daar aan die verskillende tegnieke gewerk en ek is seker dat die Affies die meeste gebaat het by die spanoefening. Die spangees sowel as ons fiksheid is goed opgeknap. Na die daaglikse oefening

is daar lesings gehou en saans het die Affies bymekaargekom en die dag se harde werk bespreek.

Tussendeur al die oefen was daar egter ook tyd vir ontspanning en is daar gewoonlik na videos of films gekyk. Die kos was puik, die matrone van huis Boekenhout het goed daarin geslaag om ons seuns tevrede te hou. Ek is seker dat elkeen van ons by die kursus gebaat het.

Ons wil net graag vir mnr Roech en mnr. Van der Merwe bedank wat hierdie toer vir ons moontlik gemaak het.



Uithaler atletiek-onnie

Affie is baie trots op mej. Ria Hugo. Sy is nie net 'n puik onderwyseres in Wiskunde nie, maar ook 'n N.Tvl.-atleet. In Affies se ietwat benarde posisie wat betref die atletiek, is sy seker die beste ding wat ons kon getref het.

Sy is op Zeerust in die W.Tvl. gebore. Sy het skoolgegaan op Harrismith en begin in st. 8 aan atletiek deelneem. Daarna neem sy aan die O.V.S.-kampioenskappe deel en behaal 'n eerste plek in die 1 200 m O/15. In st. 9 verwerf sy O.V.S.-kleure in die 800 m. Op die S.A.-Juniorkampioenskappe behaal sy 'n 5e plek in die 800 m. In st. 10 gaan sy op Verwoerdburg skool en verwerf N.Tvl.-kleure in die 800 m en 1 500 m. Op die S.A.-Juniorkampioenskappe behaal sy 'n 3e plek in die 1 500 m en 'n 6e plek in die 800 m.

In 1978 skryf sy in by Tukkie vir B.Sc. I en bly in Huis Erika. Sy begin oefen by Oom Steve Rautenbach. Sy doen egter 'n kniebesering op en in Juniemaand word daar van haar kraakbeen uitgehaal. In 1979 verwerf sy egter N.Tvl.-Seniorkleure en 'n 1e plek op die N.Tvl. Seniorkampioenskappe in die 1 500 m. Sy neem deel aan die S.A.-kampioenskappe in Port Elizabeth en behaal 'n 1e plek in die 1 500 m O/21 met 'n tyd van 4:24 asook 'n 3e



Ria Hugo

plek in die 800 m met 'n tyd van 2:06. Sy neem ook deel aan die S.A.-seniorkampioenskappe op Potchefstroom en behaal 'n 3e plek in die 1 500 m.

In 1980 doen sy egter 'n haksening-besering op en moet sy 2 operasies ondergaan. Vir 1980 en 1981 doen sy dus geen atletiek nie. In 1982 begin sy skoolhou aan die beste skool in die land, Die Afrikaanse Hoër Meisieskool Pta. Asof dit nie voorspoedig genoeg was nie behaal sy 'n 1e plek in die 1 500 m op die Tvl.-Seniorkampioenskappe. Sy haal die N.Tvl. en S.F.W. spanne wat die beker in Stellenbosch wen. Sy haal ook die N.Tvl. Top Tien-span wat die beker wen in Windhoek. Tydens die S.A.-Seniorkampioenskappe in Stellenbosch behaal sy 'n 3e plek in die 800 m. Sy is ook in die Nedbank-



Gerrie le Roux

Prestige span wat teen die Springbokke hardloop op Germiston en Port Elizabeth. Haar beste tye vir die seisoen is: 4:18 in die 1 500 m op die Volkswagen byeenkoms in Port Elizabeth en 2:05 in die 800 m op die S.F.W. uitdunne in Germiston.

Dis pragtig Juf. Hugo, hou so aan en voorspoed vir die toekoms!

Golf

Affies se golf was nog altyd iets om op trots te wees, al weet baie van ons leerlinge nie eers dat ons so 'n klub by ons skool het nie.

Soos die afgelope vyf jaar het Affies weer aan die albei Golftoernooi vir skole deelgeneem. Hierdie jaar het Affies die semi-finaal gehaal van die Transvaalstreek deur die Pretoriastreek te wen en derde te eindig in die Noord-Transvaalstreek. In die semi-finaal het ons span gedugte teenstand ondervind, en hoewel Affies hulleself deeglike laat geld het, moes ons die knie buig voor Pietersburg en Potgietersrus die span, die enigste Afrikaanse span, het bestaan uit: G. Hugo, D. Erasmus, A. v.d. Walt en J. Roestoff. Hiervan sal laasgeneemde drie volgende jaar nog vir Affies beskikbaar wees, wat sal verseker dat Affies weer eens in gedugte span in die veld sal kan stoot.

Enige Affies, seun of dogter, wat graag wil lid word van Affies se goldklub, kan gerus met Jaco Roestoff by telefoon 46-3307, of by die skool in verbinding tree.

Susan le Roux Vroue Gimnasium

- Verslanking
- Fiksheidsklasse
- Groepklasse daaglik
- Bio-trim
- Moderne danse
- Sauna

Tel: 43-3915

Susan le Roux
BA(LO) Hons (Pretoria)

Hoek van Burnett en Hildastraat
Ingang langs Franken Kunswinkel 1ste Vloer
Kamer 102, Hatfield

Sportman van die termyn

Gerrie le Roux

Op 9-jarige ouderdom begin hy met sy tennisloopbaan, by die Laerskool Nellie Swart. Toe reeds het hy vir die eerste span gespeel. Op 11-jarige ouderdom het hy toemooie begin speel. Die feit dat hy die S.A.-kampioenskappe se Rondomtalie op Ellispark gewen het, het verseker dat Gerrie in sy 0/12 jaar S.A. se nommer een speler in dié kategorie was.

Met die Noord-Transvaalse Laerskool kompetisie het Le Roux die finaal gehaal en die gemengde dubbelspel gewen — Hy was in Oos-Moot tot St. 8 en het toe na Affies gekom.

Tans speel hy in die eerste span saam met Kosie, Samie en Gerrie Dippenaar. Hierdie afgelope vakansie het Le Roux die enkel — en dubbelspel gewen in die Rustenburgse Kampioenskappe.

Met die pas-afgelope Noord-Transvaalse Ope Kampioenskappe het Gerrie besonder goed presteer. Daar het hy deurgedring tot by die

kwarteindronde en kragte gemeet teen mense soos Tanie Reinach en Ivan Stein. Met die S.A.L. — internasionale kampioenskappe het Gerrie die eer te beurt geval om teen die nommer een speler op die wêreldranglys — Hansjorg Schwauer van Wes-Duitsland, te speel. Hy verloor egter 7/6 en 7/6.

Die langnaweek is hy uitgenooi om aan die Top 20-tennis in Suid-Afrika deel te neem in Durban. Hy het vyfde geëindig in die rondomtalie. Op die oomblik is hy ook vyfde op die jongste Suid-Afrikaanse junior ranglys.

Wat beplan hy vir die toekoms? "Ek beplan om my skoolloopbaan te voltooi en volgende jaar te gaan studeer aan die Miami Universiteit in die U.S.A. as ek 'n beurs kry."

Hy sal graag 'n professionele tennisspeler wil word en indien hy nie 'n beurs kry nie, sal hy oorsee 'n professionele beroepspeler word.

Die Stroom-op redaksie wens Gerrie van die beste toe met sy beplande tennisloopbaan.



Die stryd om die administrateursbeker begin

Vrae was op almal se lippe: Oudleerlinge, rugbygeesdriftiges van Pretoria en die hele Transvaal en die leerlinge en onderwysers self. Hoe lyk Affies vanjaar? Hulle het dan so 'n ligte pak voorspelers wat boonop redelik onervare is. Maande voor die tyd het stories al met 'n ompad gekom: "Overkruin wil Affies op sy tuisveld kom klop, al is dit die enigste wedstryd wat hy wen." Dit is waar dit opgehou het en dit het alleen die vyftien bulle in die witruie gewet.

Toevallig het Overkruin dieselfde rugbykursus, by UP., as wat Affies die vakansie bygewoon het, bygewoon. Op die eerste aand het Affies reeds sy eie hoek gehad. Nie een van die ander spanne sou dit wou waag om daardie gebied te skend nie.

Overkruin het gepronk met twee gewigtige stutte wat die kern was van

'n "stewige" skruim en 'n "ondernemende" agterlyn. Min het hulle geweet dat daardie selfde pronkstukke hulle ondergang sou wees. Reeds op die rugbykursus het hulle selfvertroue gekwyn want in 'n demonstrasie van 'n sekere Dryftegniek deur dr Dinkelman, het Affies sonder veel inspanning Overkruin na 'n 0/13 span teen 'n 1ste span laat lyk. Met byna foutlose tegniek is ons bulle bo-oor hulle met die gevolg dat helfte van hulle seuns op die grond bly lê het.

Die tweede Saterdag van die termyn het aangebreek na 'n elf paar klipharde oefeninge. Oor die algemeen wen die res van die spanne ver. Overkruin se meisies, wat oorkant die straat hokkie gespeel het, daag in hulle gillende menigtes op.

Die pawiljoendakke wou lig toe die spanne op die veld prof. Groot

was die verbasing toe Piet die vaskoppe teen hulle veelgeroemde skrum begin hak. Skok en verbasing was op die Overkruinondersteuners se gesigte te lees. Na 'n afgestormde inskop op die kwartlyn van Overkruin, gaan druk Jan Coetzee ons eerste drie. Met halftyd was die Ovies op die pawiljoen se monde gesnoer. Gert het Overkruin se laaste doppie laat klink met 'n bal wat hy optel, onder die Overkruiners en na aan die kantlyn gaan druk. Die Ovies was Over-Dee-Kruin (Muur). Die eindresultaat: 15 punte vir Affies teenoor 3 vir die opposisie.

Affies het weer gewys dat dit baie meer van 'n span vra om hoër op sy Tuisveld te wil klop. Die Stroom-op redaksie wil vir Overkruin sterkte toewens met die res van sy seisoen. Onthou, dit is nie 'n skande om teen Affies te verloor nie.